


# VIR KOU HANDE



## BEIGE HANDSKOENE

**BENODIGDHEDE:** 100 g beige 4-draad-wol of -garing, 1 stel van 5 tweepuntbrei-naalde van 3 mm.

**MATE:** Om gemiddelde hand te pas.

**SPANNING:** 28 steke en 40 rondtes = 10 x 10 cm.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; grtgo - gryp een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; adl - agter deur lus; vermeer - vermeerder; vermin - verminder;

kr..R - kruis .. steke na regs; kr..L - kruis .. steke na links; vlg - volgende; weersk - weerskante.

**Eerste patroon:** r, in rondtes gebrei.

**Tweede patroon:** Bestaan uit 4 rondtes wat deurgaans herhaal word.

**1e rondte:** aw 1, r 1 adl, aw 1, (r 4, aw 1, kr2L, aw 1) 3 keer, r 4, aw 1, r 1 adl, aw 1.

**2e rondte:** Brei die ste soos hulle voorkom, die adl-ste word weer adl gebrei.

**3e rondte:** aw 1, r 1 adl, aw 1 (kr4R, aw 1, kr2R, aw 1) 3 keer, kr4L, aw 1, r 1 adl, aw 1.

**4e rondte:** Soos 2e rondte.

Hierdie 4 rondtes word deurgaans herhaal.

**LINKERHANDSKOEN:** Stel 56 ste op en brei 10 cm — 40 rondtes — r 1, aw 1; draai die werk om — want die boordjie sal omgeslaan word — en brei in die teenoorgestelde rigting, **terselfdertyd**, op die 1e en 2e naald vermeer 1 st na elke 4e st, 3 keer, en aan die einde van die derde naald vermeer 1 st — 63 ste.

Die handpalm word op die 29 ste van die 1e en 2e naald r gebrei; op die 3e en 4e naald word die 2e pat gebrei.

Brei voort in rondtes tot werk 14 cm lank is — 55e rondte.

**Begin van duim:** Brei tot laaste 4 ste van 2e naald, vermeer deur in agterkant, voorkant en agterkant van vlg steek te brei, brei dan tot einde van rondte soos gestel.

In die vlg 9 alt rye word in die steek voor en na die steek bokant hierdie vermeer, 1 st vermeer — dus 2 ste elke alt rondte. Dit lewer 21 ste vir die duim op.

Plaas dié 21 ste op 'n haakspeld en stel 5 ste op om 'n invoegstuk tussen duim en wysvinger te vorm. Voeg hierdie ste in i.p.v. die ste op die haakspeld. Vorm hierdie invoegstuk deur aan weersk 'n steek te vermin in die 2e en 4e rondte, grtgo die 1e invoegsteek met die voorafgaande steek en r2 tes die laaste invoegsteek met die vlg st op breinaald.

Brei weer in rondtes voort tot werk 22 cm lank is — 88 rondtes.

**Pinkie:** Gebrei op 9 ste van handrug en 6 ste van handpalm. Tussen die 2 stelle ste moet 2 ste opgestel word om tussen pinkie en ringvinger te pas, brei dan op hierdie 17 ste voort soos volg: aan bokant van vinger aw 1, r 1 adl, aw 1, 4 ste in pat, aw 3; vir die binnekant van vinger r 7.

Brei so voort tot werk 5,5 cm lank is — 22 rondtes.

**Vlg rondte:** Brei ste twee-twee tes, knip die garing dan af, maar laat 'n lang stuk oorbly. Ryg dit deur die 9 oorbl ste, trek styf en werk vas.

**Ringvinger:** 8 ste van handrug, 7 van handpalm, 2 ste opgetel uit invoeg-ste van pinkie, en stel 4 ste op om tussen ring- en middelvinger te pas — 21 ste.

Brei bokant in vlegpatroon met 3 aw-ste aan weersk, en die oorbl ste r vir binnekant van vinger.

Wanneer werk 7 cm lank is — 28e rondte — brei ste twee-twee tes, en in daaropvlg rondte, brei weer ste twee-twee tes; knip dan garing af, laat 'n lang draad oorbly en ryg deur ste. Trek styf en werk af.

**Middelvinger:** Verdeel middelvinger soos ringvinger maar van die invoeg-ste word 3 ste opgetel, dus 22 ste altesaam. Brei verder soos ringvinger, maar tot werk 8 cm lank is — 32 rondtes — en werk dan af soos tevore.

**Wysvinger:** Neem 9 ste van handrug, 9 ste van handpalm en 4 op uit invoeg-ste van middelvinger — 22 ste — aw 1 en brei die orige ste soos reeds uiteengesit tot werk 7 cm lank is by 28 rondtes. Werk af soos ringvinger.

**Duim:** Neem die 21 ste wat op haakspeld gelaat is, weer op en tel 5 ste op uit invoegstuk — 26 ste altesaam — brei net r en vermin 4 invoeg-ste soos reeds uiteengesit. Vermin dan nog 1 st — 21 ste bly oor. Brei voort tot werk 5,5 cm lank is by 22 rondtes en werk af soos uiteengesit.

**REGTERHANDSKOEN:** Soos linkerhandskoen, al die vormings omgekeerd. ●